

BEROEPENUUS— 28 Apr. 2013**Beroepe ontvang**

Ds ASA de Bruyn van Wilropark na Heidelberg.
Ds JG van der Walt van Reddersburg na Empangeni.
Ds CJ van Vuuren van Hartbeespoort na Koster as medeleraar.

Beroepe bedank

Ds GS Kruger van Centurion na Koster as medeleraar.

65+ Funksie skuif... Hierdie funksie vind nie meer 18 Mei plaas nie, maar wel 25 Mei. Al ons 65 PLUSSERS word hiermee geraak— onthou volgende funksie is 25 Mei 2013!

Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade—deur ds. E Kayayan*Vervolg van verlede week*

Daar moet hard gewerk word om te rus. Dit is nie 'n teenstrydigheid nie, maar wys dat die betrokke rus niks in gemeen het met vakansies soos die samelewing en ons huidige kultuur dit aan ons voorstel nie. Die ware Sabbatsrus is nie 'n tyd waarin jy van jou werk en ander probleme probeer vergeet of selfs ontsnap nie. Dit is nie 'n tyd van ledigheid nie. Dit is ook nie in die eerste plek 'n tyd vir alternatiewe of kreatiewe aktiwiteite nie. 'n Mens neem nooit vakansie van God nie! Die opdrag is dus: laat God sy werk deur sy Heilige Gees in jou verrig. Hy kan en sal dit doen omdat hy die groot verlossingsdaad reeds gedoen het!

Die beste manier om die rus van die Sabbat in die Ou Testament te verstaan, is om te gaan kyk na die bepalinge rondom die Sabbatsjaar en die hersteljaar in Levitikus 25: slawe is bevry, die land word nie geploeg nie; dit rus en herstel van die vloek wat God tydens die sondeval op hom uitgespreek het; daar is rus en verlossing nie net vir mense nie, maar ook vir die diere en die aarde.

Die ewige Sabbat

Die gedeelte uit Hebreërs 4 handel oor die ewige Sabbat, 'n rus wat bedoel is om vir ewig te duur. Kan 'n mens 'n beter vooruitsig uit God se mond ontvang? Ons wat so dikwels fisies, geestelik en emosioneel uitgeput is, word verseker dat God 'n heerlike rus vir ons het. Wie anders as God kan dit belowe en implementeer?

As 'n mens na die verlossingsdade kyk wat van die wêreld kom, is dit slegs fiksie, blote verbeelding. Die groot skerm, met goeie akteurs en net soveel spesiale effekte, laat miljoene mense regoor die wêreld droom van 'n verlossing wat rus bring. Dink maar aan Superman: 'n buitengewone man, wat soos enigiemand anders lyk, maar die mag het om bonatuurlike dinge te doen. Hy vlieg in die lug met 'n buitengewone spoed en verrig allerhande dade om arme en onderdrukte mense te bevry van ander bose mense. Hy bring verlossing— daar op die groot skerm, terwyl ons sit en springmielies eet om van ons probleme te vergeet. In werklikheid was die akteur wat Superman gespeel het, iemand wat as gevolg van 'n perd-ongeluk vir die res van sy dae in 'n rolstoel moes sit. Daar lê die kontras tussen valse verlossingsrus en God se ewige Sabbatsrus. Onthou Jesus se woorde: Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Ons kan berus in die beloofde Sabbatsrus, omdat ons weet dat so 'n rus nie korrup en verganklik is soos wat die wêreld aan ons voorstel nie, maar die rus is van 'n ewige Sabbat. *Word vervolg*

30/04—Annice Du Venage 0766315231	04/05— Helena Putter 0127521314
30/04—Erika Venter 0726188733	05/05 Paul Venter 0823939419
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Ons twee sou nog die vrede bewaar het, maar ek het ook naderhand kwaad geword
—CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

**www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154


Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

28 April 2013

**EERSTE EREDIENS—(9h00)**

Skriflesing: Johannes 21

Teks: Johannes 21:17

Sing: Ps. 68:2; Ps. 119:49; Ps. 51:5;

Ps. 63:4,6

DIE HERE WEET ALLES VAN MY

KATKISASIE— Geen katkisasie vandag

TWEDE EREDIENS— (10h30)

Skriflesing: Handeling 16

Teks: Handeling 16:30b

NGB: Artikel 22

Sing: Ps. 37:2,18,23; Ps. 130:1,2; Ps. 31:15,17

GOD SE KIND WEET OP GROND VAN SY WOORD HOE OM GERED TE WORD

JESUS—Die Musiekblyspel—Moet dit aub nie ondersteun nie! Vergelyk Sondag 35 Kategismus
Hierdie godslastering begin reeds by ons kerk se weste-ingang met die plakkaat aan van die pale gesit wat hierdie “blyspel” adverteer, waaroor ons moet treur en glad nie oor kan bly wees nie. “God kan op geen enkele manier afgebeeld word nie... Nog minder mag ‘n mens homself/haarself aanmatig om in een of ander kuns produksie die rol van God voor te stel! Laat Sone Combrinck wat met Kanseltateer saamwerk ons hartseer, opstand en misnoë hoor. So ook Johan Scholtz wat hierdie godslastering se teks en regie behartig. Begin deur dit te veroordeel en eenvoudig te boikot! Sone se e-pos waarmee ons ons beswaar kan rig is sone.combrinck@facebook.com.

- **ETE NA NAGMAAL— Spyskaart vir eerskomende Nagmaal— DV 26 Mei 2013**
Bees— of skaapbredie, rys, mengelslaai, broodjies, Nagereg, Gebakte poeding en vla.
- **BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE— Bestanddele benodig: 10kg Rama margarien ; 25 kg bruismeel; 60 eiers; 10 lit karringmelk; 10 kg suiker; 1 kg All bran vlokies**
- **4 Mei 2013— GEMEENTEBYEENKOMS/SUSTERSBYEENKOMS— Kom skryf in vir lepeltyeprøekompetisie. Daar is selfs pryse te “wen”. Geopende deure kom praat oor hulle werk. Begin 14h00....**

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag—Wyke 18 en 19
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy

Volgende Sondag— Wyke 20 en 21

Ouderlinge: Marius Coertze en Dawie de Bruin
Diakens: Henry Foster en Eugene Koole

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Jansie van Tonder, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is kritiek in die Rosepark hospitaal in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe in hierdie sware tyd. **Br Piet van der Kooi** se toestand het verbeter. Hy kan wel bietjie praat maar dit is nie duidelik wie hy erken en wie nie. Hy is steeds in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Ds. Andries Mulder** se knie het hulle die infeksie steeds nie na behore onder beheer nie. Hy is steeds in Die Kloof hospitaal. **Sr Hannetjie Gootie** is in Die Kloof-hospitaal. Sy het die slegte nuus gekry dat daar kanker aan haar een long gediagnoseer is. Ons dra haar op aan die Here se genadetroon. **Br Dries de Ridder** wat die laaste weke swaarkry met sy rug, maar wie se gesondheid in die geheel nie reg is nie, dra ons aan die genadetroon van die Here op. Mag daar weer vir hom beterskap kom. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is tans in Kalafong hospitaal. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. **Sr Anna van der Dussen** se ander oog is ook geopereer. Sy vind dit nog baie moeilik om weer te lees. Ons vertrou dat sy spoedig volkome mag herstel. **Sr Marietjie Minnaar** is ons dankbaar vir die goeie herstel ná haar rugoperasie. **Br. Jaco Venter** wat n gedeeltelike skouer-vervangings operasie ondergaan het, word volle herstel toegebied. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davitdz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Ons dank aan almal met die meelewing en die vertroosting in die tyd van **sr Christine Venter se pa—ds Petrus se skoonpa-** se skielike dood. Ons gesin waardeer dit in besonder in hoe u as gemeente ons in die tyd help dra het. Baie dankie om vandag (Sondag) af te mag hê en van die gebeure te help verwerk.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLITik>
Facebook is [on.fb.me/14sXfbm](https://www.facebook.com/on.fb.me/14sXfbm)

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Jeugsorg
2de diens	DVB	Instand- houding
05/05//2013 1ste diens	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Instand- houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
27-28/04	Belydeniskamp
30/04	Katkisasiekomm vergd
04/05	Algemene sustersvergd
09/05	Hemelvaart: Erediens :18h30
16/05	Oudl vergd
18/05	65+ Onthaal
19/05	Voorbereiding Belydenisaflegging
26/05	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS– EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Die susters het versoek dat ons aan die Paul Kruger kinderkuis op meer gereelde basis van blikkies-kos en ander nie-bederfbare produkte skenk. Daar sal by al die ingange van ons kerkgebou karton-houers geplaas word waarin u hierdie produkte kan plaas. Dit sal dan op deurlopende basis leeggemaak word en aan die kinderkuis geskenk word.

SUSTERS-

Die susters beplan 'n byeenkoms vir 4 Mei 2013 om 14h00. Kennisgewings is in die voorportaal beskikbaar. Geopende deure gaan toeligting gee oor hulle werk in die Oosblok-lande en daar gaan gesmul word rondom allerhande lekker geregte ter voorbereiding vir die beplande resepteboek.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

Sy ster in die ooste gesien

Alle verklarings om die ster se verskyning na 'n gewone verskynsel in die natuur te laat lyk (bv 'n komeet), is gedoem, om die eenvoudige rede dat die ster verskyn het, weg was, en weer aan die wyse manne verskyn het. Dan beweeg dit van Jerusalem af **suid** na Bethlehem toe, terwyl ons hemelliggame immers van oos na wes beweeg. Daar het die ster gaan **stilstaan** oor die plek waar Jesus was. Dit kon net sowel 'n engel gewees het. **2:3** – Herodus kon met reg ontsteld wees. Die Jode is reeds eeue lank verdruk, en het gesmag an 'n verlosser. **Jerusalem saam met hom** – Vir die Jode was die tyd nie geskik vir 'n opstand nie, want onlangs is een wreed onderdruk. Die Herodiane weer was 'n party van Jode wat vergrieks was en ondersteunders van Herodus, terwille van gewin.

2:4-6. Die skrifgeleerdes het die Ou Testament deeglik geken, hoewel hulle dit nie verstaan het nie, en verdraai het. Hulle sou dadelik Miga 5:1 kon aanhaal waar geprofeteer is: “En jy, Bethlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan Een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.” Die Verlosser sal in Bethlehem gebore word.

2:7-11. Die geslepe Herodus gee voor dat hy ook die nuwe Koning wil gaan vereer, en stuur die wyse manne na Bethlehem met die opdrag om deeglike inligting in te samel. Hy wil ook **presies vasstel** wanneer die ster in die begin gesien is. Daarvan kon hy sy afleiding later maak dat in Bethlehem die seuntjies onder twee jaar oud doorgemaak moes word.

Mens kan vra hoe Josef en Maria dan so lank, of selfs 'n jaar, daar moes bly as hulle bloot gegaan het om “ingeskryf” te word en seker belasting te betaal. Dit kan moontlik wees dat die proses oor maande gegaan het, want hulle het immers nie die rekensars en ander fasiliteite gehad van vandag nie. Dit beteken dat die timmerman **Josef** dalk van los werkies die pot aan die kook moes hou. Dit is ook nie

'n feit dat hulle na verloop van tyd nog in die stal gebly het nie. Die herders uit Efrata se aankoms by Jesus moes vóór die van die wyses gewees het, want die teken wat die engel aan hulle gegee het was dat hulle die Kindjie nog in doeke toegedraai in 'n krip sal vind. Hierdie engele-vreugde sou sekerlik met die geboorte wees, en nie maande daarna nie.

Gelei deur die god-gegewe verskyning van die ster, kon die wyses met blydskap Jesus aanskou en vereer met geskenke wat 'n koning waardig is. Die waarskuwing in 'n droom dat hulle nie na Herodus toe moes teruggegaan het nie, het dalk ook hulle lewens gered.

Met verwysing na v 11 is Totius se vermaning: “. . . hoe staan dit met ons ? Sal ons, soos die wyse manne uit die Ooste, met opregte harte na Bethlehem gaan om aan die gebore Verlosser hulde te bewys ? Die altyd lewendende letters van die Heilige Skrif begin te tril-bewe deurdad hulle reeds in vervulling gaan. Salig is hulle wat Hom uit die hemele verag as . . . húl Verlosser.” Net voor hierdie woorde wys hy in 'n artikel (1945) op hoeveel mense van die mens self verlossing en verhoging verag.

2:13-18, Kindermoord in Bethlehem

In 'n Preek oor Openb 12:1-6 verwys Totius na 2:13. Hy wys daarop dat tussen Jesus se geboorte en die kruisiging 33 jaar [plus-minus] verloop. “Geboorte, dood en opstanding mag nie van mekaar geskei word nie.”

Al Satan se lis en strikke oor eeue kon nie Jesus se koms keer nie. Die vrou van Openb 12 baar 'n Kind, en die vuurrooi draak is woedend. Agter Herodus se moordlus staan die groot verleier, “die yslike gedaante van Satan, wat oor die wieg van Christus buig.” Hy kon God se trou aan die Verbond nie omseil nie en nou wil hy die swaard van Herodus gebruik. God waarsku Josef, en die Kind word weggeruk voor die draak.

Josef word na Egipte gestuur, want dit is die naaste veilige land buite Herodus se magsgebied. So hoef hulle ook nie by Jerusalem verby te gaan nie. word vervol.

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

3 Apr. 1866– Genl. JBM Hertzog gebore; 17 Apr. 1863– Wyk Mooirivier word die Gerf kerk Potchefstroom; 18 Apr. 1521– Ryksdag van Worms-Luther verskyn voor Pous om sy standpunt oor God se Woord te verdedig. 21 Apr. 1619– Jan van Riebeeck gebore; 22 Apr. 1688– Afvaart van die eerste Hugenote na die Kaap; 24 Apr. 1980– Digter WEG Louw oorlede; 25 Apr. 1901 –Karel Trichardt Voortrekkerpionier oorlede; 29 Apr. 1875– Tweede been van Dorslandtrekkers vertrek